**PERSVERKLARING OOR DIE SEKWESTRASIE VAN ROY MULEYA**

**Tshwane, 29 Oktober 2025** — Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die uitspraak wat op 29 Oktober 2025 deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Noord-Gauteng (saaknr. 48495/2020), gelewer is. Hierdie beslissing spruit uit ’n aansoek wat deur SARS gebring is vir die sekwestrasie van mnr. Roy Muleya.

Mnr. Muleya is geïdentifiseer as een van die hoofrolspelers in ’n skema wat die invoer van tabak behels het deur entiteite wat geen duidelike skakels met geregistreerde sigaretvervaardigers gehad het nie.

’n Kennisgewing is ingevolge artikel 103 van die Wet op Doeane en Aksyns aan mnr. Muleya uitgereik ten opsigte van ’n maatskappy met ’n aanspreeklikheid van sowat R155 miljoen. Hy is die enigste direkteur van die maatskappy.

SARS het gedurende September 2021 ’n sekwestrasie-aansoek ingevolge artikel 177 van die Wet op Belastingadministrasie teen mnr. Muleya ingestel.

Die aansoek is op 24 Mei 2023 aangehoor, en die uitspraak is op 29 Oktober 2025 gelewer, wat die voorlopige sekwestrasie van mnr. Muleya toestaan.

Hierdie sukses weerspieël die doelbewuste strategie wat SARS volg om beslissend op te tree teen dié wat kies om buite die wet op te tree. SARS poog voortdurend om duidelikheid en sekerheid aan belastingpligtiges te bied sodat hulle weet wat hul wetlike verpligtinge is. Dit word ondersteun deur die beskikbaarstelling van digitale platforms wat dit maklik maak om aan hierdie verpligtinge te voldoen. Waar belastingpligtiges doelbewus hul verpligtinge verontagsaam deur buite die raamwerk van die wet op te tree, sal SARS dit moeilik en duur vir hulle maak. Al hierdie pogings is daarop gemik om ’n kultuur van vrywillige nakoming te bevorder, sodat alle belastingpligtiges hul verpligtinge op ’n billike wyse nakom sonder om diegene wat wel voldoen ’n onbillike las op te lê.

Met verwysing na die saak het SARS Kommissaris Edward Kieswetter gesê:

“SARS sal aanhoudend en binne die perke van die wet optree teen almal wat die wet verontagsaam deur dit te probeer omseil. Suid-Afrika het ’n toename gesien in die

verspreiding van onwettige tabak en sigarette, en die optrede van mnr. Muleya vererger hierdie probleem. Die onwettige invoer van sigarette in die land bedreig die gesondheid van rokers en ondermyn die nasionale fiskus deur die weerhouding van aksynsbelasting. SARS sal wettig en beslissend bly optree teen dié wat doelbewus hul belastingverpligtinge ontduik of versuim om dit na te kom. Die boodskap wat ons wil oordra, is dat, maak nie saak hoe lank dit neem nie, SARS sal nie sy verantwoordelikheid om die wet te handhaaf versaak nie. Ons sal dit verantwoordelik en sonder aansiens des persoon doen. Want almal is gelyk voor die wet."

Die Kommissaris het verder 'n beroep op rokers gedoen:

"Al is dit u persoonlike keuse om te rook, wil ek u aanmoedig om die versoeking te weerstaan om die vervaardiging en verkoop van onwettige tabakprodukte te ondersteun. Deur dit te doen, raak u onbedoeld medepligtig aan 'n misdadige bedryf," het hy afgesluit.

Vir verdere navrae, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.

**Einde**